Hartland Akademie
Wys die weg

DIS 'N MOS SKOOL

DOXADEO EDUCATION

VAKATURE

GRONDSLAGFASE-ONDERWYSERES

Is jou passie groot genoeg om die kleinste hartjies vir die toekoms te vorm?

As 'n trotse, gesamentlike inisiatief tussen Die MOS Inisiatief en Doxa Deo, is Hartland Akademie op soek na 'n uitsonderlike grondslagfaseonderwyseres om ons dinamiese nuwe span te versterk. By ons skool glo ons dat 'n kind se heel eerste treetjies die belangrikste fondasie vir 'n leeftyd se ontdekking lê. Daarom is ons verwagting vir hierdie rol baie spesifiek: ons soek nie net iemand wat 'n klas kan bestuur nie, maar 'n opvoeder wat kinders kan inspireer, koester, help om met selfvertroue te groei en op multigrade kan fokus sonder om op in die tradisionele manier van doen vasgevang te word. As jy 'n roeping het vir uitnemende, liefdevolle en waardegedrewe onderwys, en die unieke voorreg wil hê om van dag een af 'n warm leeromgewing te help skep en vir kinders die weg te wys, wag daar 'n vreugdevolle tuiste vir jou by Hartland Akademie.

EIENSKAPPE

- Liefde en passie vir jong kinders.
- Geduld en vriendelikheid.
- Kreatief en entoesiasties.
- Positiewe ingesteldheid.
- Verantwoordelik en betroubaar

KWALIFIKASIES

- Minimum NQF Vlak 4 in vroeëkinderontwikkeling (*ECD*)
- NQF Vlak 5 of hoër in vroeëkinderontwikkeling sal as 'n voordeel beskou word.
- 'n B-Ed-grondslagfase, of soortgelyke, onderwyskwalifikasie sal 'n sterk aanbeveling wees. [Graad R]
- Geldige SARO-registrasie, waar van toepassing.
- Geldige eerstehulpsertifikaat sal 'n voordeel wees.

AANSOEKE

Per e-pos aan:
info@diemos.co.za

Aansoek moet vergesel wees van:

- 'n Volledige Curriculum Vitae
- SAPD-klaring
- Afskrif van identiteitsdokument
- Afskrif van kwalifikasies

VEREISTES

- Leef daagliks vanuit 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus en omarm Hartland Akademie se benadering tot Christusgesentreerde onderrig en opvoeding.
- Vorige ervaring in die grondslagfase.
- Goeie kennis van ouderdomsgepaste ontwikkeling en leer.
- Vermoë om 'n daaglikse program en aktiwiteite te beplan en aan te bied.
- Vermoë om kinders se ontwikkeling waar te neem en te dokumenteer.
- Goeie klasbestuur en die vermoë om 'n positiewe leeromgewing te skep.
- Goeie kommunikasie met ouers, kollegas en bestuur.
- Bereidwilligheid om deel te neem aan opleiding en professionele ontwikkeling.
- Moet kinders se veiligheid, welstand en waardigheid te alle tye eerste stel.
- Bereid wees om buitemuurse aktiwiteite aan te bied/by te woon.
- Geldige polisieklaringsertifikaat.

SLUITINGSDATUM:

10 November 2026

AANVANGSDATUM:

1 Januarie 2027

DIE MOS inisiatief

DOXADEO EDUCATION